

11 Januarie

Teksgedeelte: Romeine 8:1-17

Fokusgedeelte: Romeine 8:7-9

Die gelowige word beheers deur die Heilige Gees

Die werk van ons *sondige natuur* en die werk van die *Heilige Gees* in ons staan in 'n radikale en onversoenbare *kontras* met mekaar. Jy kan die werk van jou sondige natuur en die werk van die Heilige Gees in die lewe van 'n enkele mens nie met mekaar vereenselwig nie. Hulle staan lynreg en vyandiggesind teenoor mekaar.

As gelowige laat jou sondige natuur jou voortdurend 'n oorlog binne-in jou ondervind: Die oorlog *van die leuen teen die waarheid, *van die duisternis teen die lig, *van jou sondige natuur teen die Heilige Gees. Jy dink nog jy doen goed, jy dink nog jy staan vas in die waarheid, dan het die leuen klaar 'n greep op jou gekry. Jy word gedurigdeur bestook met ingewings van die duiwel. As sondige mens is jy nie in staat om gehoorsaam aan die wet van God te wees nie. Van nature is jy nie daartoe in staat om *lief te hê, te vergewe en vrede te soek, vriendelik, getrou, geduldig en goedhartig* te wees nie. As die Heilige Gees nie jou *wil* (jou wilslewe) vat en volledig daarop beslag lê en dit beheers nie, dan sal jy alles doen wat boos en verkeerd is.

Tog, só staan dit in vers 9: Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle.” As gelowige woon die Heilige Gees in jou. Jy het die Heilige Gees. Jy is 'n nuwe mens. Jy is 'n wedergebore kind van God. Al is dit so dat jou sondige natuur in jou aan die werk is, het jou sondige aard beslis nie die laaste sê oor jou nie. Die sonde en Satan is verloorders in jou. Christus is die Koning oor die konings. Hy is ook j^{ou} Koning. Deur sy Woord, en onlosmaaklik met die werk van sy Heilige Gees in jou, regeer *Hý* oor jou. Die hele Woord is immers deur die Heilige Gees geskryf! So staan dit in 2 Petrus 1:21: “... deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig.” Deur die onkeerbare werk van die enigste en almagtige God, dra jy nou die vrugte van 'n nuwe boom. Jy, en ander mense, sal aan jou lewe kan sien dat jy soos 'n nuutgemaakte boom is: *Jy sal sonder ophou en met volharding bid. *Jou diepste behae sal wees om die Woord van God te lees en te bestudeer en te bepeins. *Nou sal jy volgens die Woord van God *wil* lewe. **Teen jou sondige natuur in* sal jy God se volmaakte en heilige wil *wil* doen.

Sing: Skrifberyming 24:1, 7 Dr AH Grové (Klerksdorp-Noord)